Aros

# AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES

## JAARBOEKINLIGTING 2027

### 1. Diploma in Graad R-onderrig (SAKO-nr. 94833)

Die Diploma in Graad R-onderrig is nie 'n volwaardige onderwyskwalifikasie vir Grondslagfase-onderrig nie. Die kwalifikasie is spesifiek daarop gerig om persone wat nie aan die vereistes vir graadstudie voldoen nie 'n toegangsroete tot BEd in Grondslagfase te bied. Studente wat vir hierdie kwalifikasie wil inskryf, moet reeds 'n praktiserende graad R-assistent/onderwyser wees.

As deel van Grondslagfase-onderwys in Suid-Afrika is die Diploma in Graad R-onderrig spesifiek daarop gemik om onderwysers op te lei wat op die onderrig van graad R-leerders fokus . Praktykgebaseerde opleiding vorm die grondslag van hierdie kwalifikasie en dra daartoe by dat die student tot 'n professionele, kundige en roepingsgedrewe graad R-opvoeder ontwikkel.

Ná afloop van die suksesvolle voltooiing van die kwalifikasie sal studente die nodige leierskap aan die dag kan lê om innoverend te werk te gaan om leerders binne die spesifieke konteks van graad R te onderrig. Die opvoeder leer hoe om graad R-leerders toe te rus met die nodige waardes, vaardighede en kennis wat as noodsaaklike boustene vir formele onderrig binne die graad dien.

**Kwalifikasie-inligting**

- Minimumvoorvereiste: Nasionale Senior Sertifikaat met diplomatoelating
- NKR-vlak: 6
- Minimum tydperk: 3 jaar
- Aros-toelatingspunt: 520

**Metode van aanbieding**

- Die kurrikulum word deur middel van afstandsonderrig aangebied. Die lesings word weekliks op e-Klas (Aros se amptelike aanlyn leerplatform) beskikbaar gestel.
- Addisionele ondersteuning word deur middel van interaktiewe aanlyn sessies gebied. Tydens hierdie sessies kan u vrae aan dosente stel en verdere toeligting ontvang. Die sessies word opgeneem en word later op e-Klas vir besigtiging beskikbaar gestel.
- Dosente en assistente is beskikbaar vir konsultasies via e-pos, aanlyn of op kampus.
- Toetse en eksamens word aanlyn afgelê (Maandag tot Saterdag: tydens die dag of vroegaand). Datums en tye word vroegtydig gekommunikeer.

**Beskikbare kurrikulums**

**Kwalifikasie met onderskeiding**

ŉ Student wat ‘n gemiddeld van 75% oor al die modules van die kurrikulum behaal het, behaal die kwalifikasie met onderskeiding.

ʼn Student wat vanaf ʻn ander tersiêre instelling na Aros oorgeskakel het, moet ten minste 50% van hierdie kurrikulum geslaag het, insluitende RELS111, BYBK121, BYBK211, BYBK221 en BYBK311 of WBSL111, OTOB121, OTOB211, NTOB221 en NTOB311. Om die kwalifikasie met onderskeiding (cum laude) te verwerf, moes die student ʻn gemiddeld van 75% oor al die modules behaal het.

### Vereistes vir Engels as taal van onderrig en leer

O150P: 70% of meer vir [ENAT311 + ENGA321] / 2

O151P: 70% of meer vir [ENAT211 + ENGA321] / 2

### Kurrikulums

### O151P

| | Module | Kr | NKR | Module | Kr | NKR | Module | Kr | NKR | Module | Kr | NKR |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Kwartaal 1** | | | **Kwartaal 2** | | | **Kwartaal 3** | | | **Kwartaal 4** | | |
| **Jaar 1** | | | | | | | | | | | | |
| Fundamenteel | INRV113 | 3 | 5 | AFRI121 | 12 | 5 | AFRL112 | 1 | 5 | OWIS121 | 12 | 5 |
| | | | | AFRL112 | 1 | 5 | LEER114 | 12 | 5 | | | |
| | | | | INRV113 | 3 | 5 | | | | | | |
| Kern | WBSL112 | 6 | 5 | DIDA113 | 12 | 5 | | | | OPVS123 | 12 | 6 |
| | | | | | | | | | | OTOB122 | 6 | 6 |
| Elektief | ONET111 | 12 | 5 | ONWR121 | 12 | 5 | LVLV121 | 6 | 5 | ORIE111 | 12 | 5 |
| | | | | | | | OPRA121 | 12 | 5 | | | |
| | | **21** | | | **40** | | | **31** | | | **42** | |
| **Jaar 2** | | | | | | | | | | | | |
| Fundamenteel | | | | | | | SEPE223 | 3 | 5 | SEPE223 | 3 | 5 |
| Kern | GROM211 | 12 | 5 | OTOB212 | 6 | 6 | NTOB222 | 6 | 6 | | | |
| | TEOR211 | 12 | 5 | | | | | | | | | |
| Elektief | LVKU211 | 12 | 6 | OPRA232 | 12 | 6 | LITT221 | 6 | 5 | ENAT211 | 6 | 6 |
| | | | | PERS221 | 12 | 6 | OPRA232 | 12 | 6 | ONET221 | 12 | 5 |
| | | **36** | | | **30** | | | **27** | | | **21** | |
| **Jaar 3** | | | | | | | | | | | | |
| Fundamenteel | | | | | | | | | | ENGA321 | 12 | 6 |
| Kern | OPVS311 | 12 | 6 | NTOB312 | 6 | 6 | ASSR311 | 12 | 6 | LOND321 | 12 | 6 |
| | SBES321 | 12 | 6 | | | | | | | | | |
| Elektief | LVLV311 | 6 | 6 | ONWR311 | 12 | 6 | LVPS321 | 6 | 6 | KIND311 | 6 | 6 |
| | OPRA332 | 12 | 6 | OPRA332 | 12 | 6 | OPRA332 | 12 | 6 | | | |
| | | **42** | | | **30** | | | **30** | | | **30** | |
| **Kurrikulumtotaal** | | **380** | | | | | | | | | | |

## Modules en voorvereistes

| Kode | Module | NKR | Kr | Vereiste 40% | Geslaag | Registreer of geslaag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| AFRI121 | Afrikaans | 5 | 12 | | | |
| AFRL112 | Afrikaans Lees | 5 | 2 | | | |
| ASSR311 | Assessering in Graad R | 6 | 12 | | | |
| DIDA113 | Didaktiek | 5 | 12 | | | |
| ENAT211 | English Additional Language Teaching in Grade R | 6 | 6 | | | |
| ENGA321 | English Additional Language | 6 | 12 | | | |
| GROM211 | Gesondheid en Veiligheid in Graad R | 5 | 12 | | | |
| INRV113 | Inleiding tot Rekenaarvaardighede | 5 | 6 | | | |
| KIND311 | Vroeëkinderjare-ontwikkeling | 6 | 6 | | | |
| LEER114 | Logiese, Kritiese en Analitiese Denke | 5 | 12 | | | |
| LITT221 | Kinderliteratuur vir Graad R | 5 | 6 | | | |
| LOND321 | Leerondersteuning | 6 | 12 | | | |
| LVKU211 | Lewensvaardighede: Kuns | 6 | 12 | | | |
| LVLV121 | Lewensvaardighede: Beweging en Uitvoerende Kunste | 5 | 6 | | | |
| LVLV311 | Lewensvaardighede: Natuurwetenskappe, Sosiale Wetenskappe en Tegnologie | 6 | 6 | | | |
| LVPS321 | Lewensvaardighede: Persoonlike en Sosiale Welsyn | 6 | 6 | | | |
| NTOB222 | Bybelkunde-onderrig: Nuwe Testament 2B | 6 | 6 | | | |
| NTOB312 | Bybelkunde-onderrig: Nuwe Testament 3 | 6 | 6 | | | |
| ONET111 | Afrikaans Huistaal-onderrig | 5 | 12 | | | |
| ONET221 | Afrikaans Huistaalonderrig 2 | 5 | 12 | | | |
| ONWR121 | Wiskunde-onderrig: Graad R | 5 | 12 | | | |
| ONWR311 | Wiskunde-onderrig in Graad R 2 | 6 | 12 | | | |
| OPRA121 | Onderwyspraktyk 1 vir Graad R | 5 | 12 | | | |
| OPRA232 | Onderwyspraktyk 2 vir Graad R | 6 | 24 | | OPRA121 | ORIE111<br>LVKU211<br>ONET111<br>ONWR121<br>LVLV121 |
| OPRA332 | Onderwyspraktyk 3 vir Graad R | 6 | 36 | | | ONET221<br>LVLV311<br>ONWR311 |
| OPVS123 | Opvoedkundige Sielkunde 1 | 6 | 12 | | | |
| OPVS311 | Opvoedkundige Sielkunde 2 | 6 | 12 | | | |
| ORIE111 | Oriëntering tot Graad R-onderrig | 5 | 12 | | | |
| OTOB122 | Bybelkunde-onderrig: Ou Testament 1 | 6 | 6 | | | |
| OTOB212 | Bybelkunde-onderrig: Ou Testament 2A | 6 | 6 | | | |
| OWIS121 | Inleidende Wiskunde | 5 | 12 | | | |
| PERS221 | Perseptuele Vaardighede | 6 | 12 | | | |
| SBES321 | Skoolbestuur | 6 | 12 | | | |
| SEPE223 | Sepedi-kommunikasievlak | 5 | 6 | | | |
| TEOR211 | Inleidende Teoretiese Raamwerk vir Graad R | 5 | 12 | | | |
| WBSL112 | Wêreldbeskouingsleer | 5 | 6 | | | |

## Module-uitkomste

**AFRI121** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 5**

### Afrikaans

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- oor kennis beskik van die geskiedenis en ontstaan van die Afrikaanse taal;
- vaardighede kan herken, benoem en toon in die onderskeie dissiplines van die Afrikaanse taalkunde;
- toegerus wees om die verskillende vlakke van taalanalise met betrekking tot die teikentaal te verduidelik, te onderskei en toe te pas ; en
- die aspekte van Afrikaanse literatuur kan ontgin en analiseer.

**AFRL112** **Krediete: 2** **NKR-vlak: 5**

### Afrikaans Lees

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n leesspoed kan behaal van minstens 280 woorde per minuut; en
- ’n leesbegrip kan toon van minstens 70%.

**ASSR311** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 6**

### Assessering in Graad R

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- oor ’n kennisgebaseerde geletterdheid beskik en 'n gestruktureerde proses kan gebruik om prestasiebewyse op alle leervlakke, met spesifieke fokus op graad R-onderrig en -assessering, te kan insamel en vertolk;
- oor ’n kennisgebaseerde geletterdheid beskik en in staat wees om kennis van 'n verskeidenheid assesseringstegnieke, -metodes en -instrumente te openbaar;
- oor ’n kennisgebaseerde geletterdheid beskik en in staat wees om die belangrikheid van assessering as 'n integrale deel van alle leer- en onderrigbeplanning te begryp; en
- die vermoë demonstreer om selfassessering, assessering van die kind en die assessering van onderrigprogramme effektief toe te pas.

**DIDA113** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 5**

**Didaktiek**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die kernkonsepte en algemene beginsels kan beskryf van opvoeding en leer binne die Christelike wêreldbeskouing;
- die rolspelers kan beskryf in die onderrigstelsel;
- ‘n positiewe leeromgewing kan skep vir die onderrig van leerders binne God se raadsplan;
- geskikte onderrigmetodes kan identifiseer vir 'n verskeidenheid van kontekste;
- geskikte onderrigmedia kan identifiseer vir ‘n verskeidenheid van kontekste;
- “assessering” kan beskryf binne die Suid-Afrikaanse kurrikulum; en
- moontlike oplossings kan identifiseer vir kernuitdagings in die hedendaagse Suid-Afrikaanse onderrigomgewing.

**ENAT211** **Credits: 6** **NQF level: 6**

**English Additional Language Teaching in Grade R**

After completing this module, students should be able to

- apply knowledge of child development and the development of language skills when teaching an additional language;
- plan activities to teach the different aspects of an additional language;
- identify the elements of a balanced approach for teaching an additional language;
- evaluate appropriate texts for the teaching of English and choose age-appropriate reading texts for grade R; and
- explain the presentation of additional language enjoyably and naturally in the entire language teaching programme and exhibit a clear understanding of accidental/casual acquisition of English in grade R.

**ENGA321** **Credits: 12** **NQF level: 6**

**English Additional Language**

After completing this module, students should be able to

- demonstrate that they have knowledge of prescribed fields and core areas of classroom practices as well as the design of learner activities and that they can communicate in an additional/second language;
- demonstrate different teaching strategies of different communication practices;
- implement and demonstrate relevant methods, procedures, and teaching strategies;
- demonstrate and implement dramatizing as a teaching strategy; and
- demonstrate communicative skills by writing their own stories/songs and rhymes.

**GROM211** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 5**

## Gesondheid en Veiligheid in Graad R

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die vereistes vir ’n professionele onderwyser, soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders (SARO), kan bespreek;
- ‘n gesondheidsbeleid kan opstel;
- die belangrikheid van gesondheid in ’n graad R-konteks kan beskryf;
- kan beskryf hoe die jong kind gehelp kan word om ’n gesonde leefstyl te volg;
- die wisselwerking tussen gesondheid en voeding kan verduidelik;
- siektetoestande op ’n toepaslike wyse kan identifiseer en bestuur; en
- kan bespreek hoe om ’n veilige omgewing vir die leerder te skep en noodsituasies te hanteer.

**INRV113** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 5**

## Inleiding tot Rekenaarvaardighede

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n ingeligte begrip kan demonstreer oor rekenaars en die tegnologiese wêreld en in staat wees om verskeie funksies van ‘n rekenaar te kan gebruik;
- metodes en werkswyses kan toepas om woord- en sigbladverwerking en aanbiedingsprogrammatuur binne die skoolomgewing te kies en toe te pas;
- ingeligte begrip bevat en in staat wees om inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) in die klaskamer te implementeer; en
- die vermoë toon om die korrekte IKT te kies en te gebruik.

**KIND311** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

## Vroeëkinderjare-ontwikkeling

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die eienskappe en waardes van ‘n suksesvolle onderwyser van voorskoolse leerders kan identifiseer;
- die kollektiewe rolle van die onderwyser van voorskoolse kinders kan verduidelik;
- tussen die vaardighede kan onderskei waaroor die onderwyser van voorskoolse leerders moet beskik om hierdie rolle te vervul;
- die invloed van die onderwyser se siening van die jong kind op hul onderrig kan ondersoek;
- die wyses kan beskryf waarop jong kinders optimaal leer;
- ontwikkelingsgeskikte aktiwiteite vir jong kinders kan beplan, wat op optimale onderrig-leer gegrond is;
- die belangrikheid kan regverdig van ouerbetrokkenheid by hulle voorskoolse kinders se skoolervarings; en
- strategieë kan ontwerp om ouerbetrokkenheid by die skool/VKO-sentrum te bevorder.

**LEER114** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 5**

## Logiese, Kritiese en Analitiese Denke

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis oor hulself en bewustheid kan demonstreer in terme van hul benadering tot akademiese en spantake;
- denkgewoontes kan kweek in terme van die wyse waarop daar oor akademiese geletterdheidsvaardighede nagedink word;
- sleutelprobleemoplossings- asook logiese, kritiese en analitiese denkvaardighede kan identifiseer; en
- basiese probleemoplossingstegnieke, -beginsels en -praktyke kan identifiseer om probleme wat op ’n daaglikse basis voorkom in die onderrigkonteks op te los.

**LITT221** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 5**

## Kinderliteratuur vir Graad R

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die waarde van kinderliteratuur kan aandui ten opsigte van die ontwikkeling wat op die hele kind betrekking het;
- kriteria vir geskikte kinderliteratuur kan verskaf;
- die geskiktheid van literatuur vir verskillende ouderdomme kan beoordeel;
- die verskillende genres in kinderliteratuur kan identifiseer;
- geskikte kinderboeke kan identifiseer in die verskillende genres;
- die plek van voorlees sowel as die vertel van stories aan jong kinders kan motiveer;
- ‘n verskeidenheid van strategieë kan gebruik om stories aan jong kinders oor te dra;
- die rol van volwassene kan beskryf ten opsigte van waardes en houdings teenoor kinderliteratuur;
- die rol van kinderliteratuur kan motiveer in die oordrag van waardes; en
- die aanwesigheid van die verborge kurrikulum in kinderliteratuur kan identifiseer.

**LOND321** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 6**

**Leerondersteuning**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die vermoë hê om gedetailleerde kennis van die konsep "skoolgereedheid" te bemeester en toe te pas in die konteks van 'n graad R-klaskamer;
- toegang tot, prosessering en bestuur van inligting hê in verband met kriteria vir skoolgereedheid en oor die vermoë beskik om relevante inligting uit 'n verskeidenheid bronne te analiseer en sinvol te evalueer;
- probleemoplossing demonstreer deur sosio-ekonomiese faktore wat die ontwikkeling van die graad R-leerder kan benadeel te identifiseer, te analiseer en oplossings voor te stel wat in die praktyk toegepas kan word; en
- begrip toon van die verhouding tussen stelsels en hoe een stelsel 'n invloed op ander stelsels uitoefen en op grond van sodanige begrip die vermoë demonstreer om besluite te neem en toepaslik op te tree in kontekste waar ondersteuning aan ouers van graad R-leerders en ander belanghebbendes nodig is.

**LVKU211** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 6**

**Lewensvaardighede: Kuns**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- oor 'n kennisbasis beskik op grond waarvan hulle besef hoe belangrik die ontwikkeling van kreatiwiteit tydens die vormingsjare is;
- etiese en professionele praktyk kan toepas op grond waarvan hulle in staat is om kreatiwiteit oor die kurrikulum heen aan te moedig;
- die ontwikkelingstadia van kinderkuns kan ontleed d.m.v. die nodige agtergrondskennis;
- kan verduidelik hoe leer bestuur moet word om sodoende op grond hiervan visuele kuns in die daaglikse graad R-program te kan insluit;
- metodes en werkswyses kan demonstreer om leerders aan te moedig om 'n groot verskeidenheid materiale te ontdek deur gepaste aktiwiteite aan te bied; en
- kennisgeletterdheid kan demonstreer op grond waarvan hulle in staat is om die verband tussen kuns en ontluikende skryf te kan waarneem en toepas.

**LVLV121** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 5**

**Lewensvaardighede: Beweging en Uitvoerende Kunste**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die kategorieë kan bespreek van fundamentele bewegingsvaardighede;
- motoriese agterstande by kinders kan analiseer en 'n bewegingsles aanpas om vir leerders met agterstande voorsiening te maak;
- die musiekelemente kan analiseer en toepas;
- die elemente van musiek en die verskillende aktiwiteitsareas kan analiseer en toepas; en
- lesse kan beplan waarin leerders beweging en musiek aanleer.

**LVLV311** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

**Lewensvaardighede: Natuurwetenskappe, Sosiale Wetenskappe en Tegnologie**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- toepaslike leerervarings kan skep vir Sosiale Wetenskappe in graad R;
- benaderings kan definieer en analiseer vir die aanbieding van Natuurwetenskap;
- die onderrig kan ontleed van Natuurwetenskap en Wetenskaplike Geletterdheid in die graad R-program;
- die onderrig van Inligting- en Kommunikasietegnologie in graad R kan definieer en ontleed; en
- lesse kan aanleer en beplan waarin leerders oor natuurwetenskap, sosiale wetenskap en tegnologie leer.

**LVPS321** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

**Lewensvaardighede: Persoonlike en Sosiale Welsyn**

Ná die voltooiing van hierdie modules sal studente

- oor ‘n kennisbasis beskik om morele, geestelike, asook persoonlike en sosiale ontwikkeling by ‘n kind te bevorder, te laat groei en te ontwikkel;
- metodes en werkswyses kan implementeer om dissipline en verhoudings tussen die skool- en ouerhuis te bevorder; en
- metodes en werkswyses op grond van toepaslike relevante waardes kan kies om in ‘n daaglikse program te integreer.

**NTOB222** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

**Bybelkunde-onderrig: Nuwe Testament 2B**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die vier Evangelies en Handelinge tematies kan ontleed en dit in die praktyk kan toepas;
- die Skrif as samehangende geheel kan ontleed met toespitsing op die verlossingsleer en die begrip “regverdigmaking”; en
- die Christenonderwyser se lewens- en wêreldbeskouing verstaan vanuit die vier Evangelies en Handelinge en dit kan toepas.

**NTOB312** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

**Bybelkunde-onderrig: Nuwe Testament 3**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- Paulus se briewe tematies kan ontleed en dit in die praktyk toepas;
- die Skrif as samehangende geheel kan ontleed met toespitsing op die verlossingsleer en die begrip “regverdigmaking”; en
- die Christenonderwyser se lewens- en wêreldbeskouing kan verstaan vanuit die briewe van Paulus en dit kan toepas.

**ONET111** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 5**

**Afrikaans Huistaal-onderrig**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- in staat wees om oor taalverwerwing en die onderrig en leer van taalvaardighede te besin as deel van die Godgegewe behoefte aan kommunikasie;
- so kan beplan dat ontwikkelingstoepaslike metodes tydens die aanbieding van ‘n ontluikende geletterdheidsprogram toegepas word;
- weet hoe om mondelinge taalontwikkeling en woordeskatuitbreiding in graad R te stimuleer; en
- toegerus wees om geskikte onderrigmateriaal aan die hand van toepaslike kriteria te kies.

**ONET221** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 5**

**Afrikaans Huistaalonderrig 2**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- oor ‘n kennisbasis beskik op grond waarvan hulle in staat is om te besin oor taalverwerwing en die onderrig en leer van taalvaardighede as deel van die Godgegewe behoefte aan kommunikasie;
- die waarde van musiek-, drama- en dansonderrig vir die leerder in graad R kan motiveer en ontleed en oor die vermoë beskik om die drie dissiplines te definieer en binne ’n godsdienstige raamwerk te plaas;
- ’n graad R- musiekomgewing kan analiseer en ’n gepaste lied vir die graad en vir die onderrig van Huistaal aan die hand hiervan kies;
- die beginsels van drama in die Graad R-Musiekprogram kan ondersoek;
- die waarde van liggaamlike opvoeding vir die kind in graad R kan motiveer;
- die eienskappe van graad R-leerders kan bespreek; en
- ‘n Huistaal-, Musiek- en Bewegingsles kan beplan.

**ONWR121** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 5**

**Wiskunde-onderrig: Graad R**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- in staat wees om kennis van wiskundige konsepte te demonstreer en ook die vaardighede hê om wiskundige kennis te gebruik;
- in staat wees om die verskillende benaderings tot Wiskunde-onderrig in graad R te verduidelik;
- in staat wees om Wiskunde-onderrig op ’n ontwikkelingstoepaslike wyse te beplan;
- weet hoe om ontluikende wiskunde te bevorder; en
- weet hoe om ’n liefde vir wiskunde as deel van die skepping te kweek.

**ONWR311** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 6**

**Wiskunde-onderrig in Graad R 2**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die aardrykskunde-konsepte sowel as die aardrykskunde-vaardighede kan beskryf wat met Wiskunde as vakgebied geïntegreer is en wat die graad R-leerder ook self moet kan bemeester en ontwikkel;
- toepaslike leerervarings kan skep vir die graad R-leerder in areas waar Aardrykskunde met Wiskunde geïntegreer is;
- motoriese vaardighede en perseptuele vaardighede in die graad R-program kan ontwikkel deur dit met ‘n wiskundige benadering te integreer;
- op ‘n ontwikkelingsgepaste wyse Wiskunde-onderrig en -leer in die graad R-klaskamer kan beplan deur na die korrekte metodes en werkswyses te verwys;
- toepaslike leerervarings vir Natuurwetenskap in graad R met die korrekte wiskundige onderrig-en-leer-metodes en -werkswyses kan integreer;
- begrip vir die basiese musieknotasies kan toon en dit met wiskundige leerervarings in die graad R-klaskamer integreer; en
- die beginsels van dans (ritmiese beweging) in die graad R-musiekprogram kan ondersoek en daardie beginsels met Wiskunde integreer.

**OPRA121** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 5**

**Onderwyspraktyk 1 vir Graad R**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- onderrig en leer in graad R kan verduidelik;
- voldoening aan wette en beleide kan ondersoek;
- kan waarneem hoe taal, wiskunde en lewensvaardighede in graad R onderrig word;
- voorbeelde kan versamel van ’n graad R-onderwyser se administratiewe verantwoordelikhede; en
- hul eie daaglikse program vir graad R kan ontwerp en illustreer.

**OPRA232** | **Krediete: 24** | **NKR-vlak: 6**

**Onderwyspraktyk 2 vir Graad R**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die funksionering van ‘n graad R-klas by ‘n laerskool of kleuterskool kan vergelyk met die teorie en op grond hiervan ooreenkomste en verskille kan aandui;
- ‘n verskeidenheid aktiwiteite en lesse kan beplan, voorberei en aanbied wat toepaslik is vir graad R;
- ‘n mening kan uitspreek rondom die rol en doel van ‘n onderwyser en ‘n skool ten opsigte van graad R-onderrig; en
- ‘n sertifikaat in storieverteltegnieke wat van toepassing is op graad R-leerders verwerf het.

**OPRA332** | **Krediete: 36** | **NKR-vlak: 6**

**Onderwyspraktyk 3 vir Graad R**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis kan verwerf rakende die administratiewe take by ‘n graad R-klaskamer in die eerste drie weke na die skole in Januarie heropen het;
- ses weke se agtereenvolgende onderwyspraktykmentorskap in graad R tydens die tweede en derde kwartaal kan voltooi;
- ŉ reeks graad R-lesse evalueer, assesseer en beplan op grond van die kennis wat tydens die eerste twee jaar van studie verwerf is;
- oor onderrig kan reflekteer vanuit ‘n Christelik-gefundeerde verwysingsraamwerk; en
- ‘n Vlak 1-noodhulpsertifikaat kan verwerf.

**OPVS123** | **Krediete: 12** | **NKR-vlak: 6**

**Opvoedkundige Sielkunde 1**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die filosofiese begronding van onderwys as ŉ wetenskap kan verduidelik;
- die terrein van opvoedkundige sielkunde in die onderwys kan begryp;
- die belangrikheid van verskillende vertrekpunte ten opsigte van onderrig en leer kan insien en verstaan hoe hierdie vertrekpunte in verskillende filosofieë van onderwys uitgedruk word;
- die Christelike vertrekpunte kan identifiseer; en
- die kennis en vaardighede bemeester het wat nodig is om kinderontwikkeling te verstaan ten opsigte van fisiese, kognitiewe, etiese, sosiale, kreatiewe en emosionele ontwikkeling tydens die kinderjare (geboorte tot 18 jaar).

| OPVS311 | Krediete: 12 | NKR-vlak: 6 |
|---|---|---|

**Opvoedkundige Sielkunde 2**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die kennis kan gebruik wat in OPVS121 verwerf is om verskillende beskouings en teorieë aangaande leer te analiseer;
- kennis dra van die teorieë wat leiersfigure in die Opvoedkunde ontwikkel het;
- hierdie teorieë kan belyn met Christelike oogpunte en terselfdertyd ook ’n persoonlike filosofie van opvoeding begin ontwikkel;
- in staat wees om ‘n positiewe leeromgewing te skep, met inagneming van persoonlike leerstyle van leerders;
- in staat wees om die begrippe “intelligensie” en “leerstyle” te begryp en toe te pas;
- bewus wees van die nuutste navorsing oor intelligensie;
- insig hê in die kognitiewe prosesse van die brein, perseptuele ontwikkeling, asook die rol van motivering in leer;
- die belangrikheid van die kind se taalontwikkeling kan begryp;
- die invloed van kulturele diversiteit en sosio-ekonomiese status op die skolastiese vordering en funksionering van leerders kan omskryf; en
- die morele ontwikkeling van die kind kan beskryf en weet dat die Skepper die mens gevorm het om op verskeie wyses te funksioneer en dat elke individu daarom uniek is.

| ORIE111 | Krediete: 12 | NKR-vlak: 5 |
|---|---|---|

**Oriëntering tot Graad R-onderrig**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die belangrikheid van graad R-onderrig kan motiveer;
- die beginsels kan identifiseer waarop onderrig en leer van graad R-leerders berus;
- die holistiese ontwikkeling van die jong kind in al die ontwikkelingsareas kan beskryf;
- die waarde en plek van spel in die ontwikkeling van die graad R-leerder kan verduidelik;
- ’n ontwikkelingsgeskikte dagprogram kan voorberei vir ’n graad-R-klas;
- ’n geskikte binne- en buitespelomgewing kan beplan vir ’n graad R-klas;
- ontwikkelingsgeskikte leerinhoud kan beplan vir graad R-leerders;
- die aanbieding van kreatiewe lesse en aktiwiteite in die graad R-klas kan demonstreer;
- ‘n klaskamer en aktiwiteite kan beplan waarin alle leerders optimaal kan leer en ontwikkel; en
- die besluit kan regverdig om ’n graad R-leerder wat nie skoolgereed is nie, terug te hou in graad R of na graad 1 te stuur.

**OTOB122** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

**Bybelkunde-onderrig: Ou Testament 1**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n gedetailleerde kennis kan demonstreer van God, die mens, die verhouding tussen God en mens, mens tot mens, die mens teenoor die natuur asook die Messias binne die konteks van die Pentateug;
- die vermoë demonstreer om Gereformeerde verklarende metodes op die Pentateug vir ’n Christusgesentreerde perspektief toe te pas; en
- begrip van die Pentateug se etiese implikasies demonstreer.

**OTOB212** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 6**

**Bybelkunde-onderrig: Ou Testament 2A**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n gedetailleerde kennis kan toon van die eienskappe van God, die verhouding tussen God en mens, asook die koninkryk van die beloofde Messias binne die konteks van die Ou Testamentiese geskiedenisboeke;
- die vermoë kan demonstreer om Gereformeerde verklarende metodes op die Ou Testamentiese geskiedenisboeke vir ’n Christusgesentreerde perspektief toe te pas; en
- die vermoë kan demonstreer om komplekse inligting betroubaar en samehangend met behulp van toepaslike akademiese konvensies te kommunikeer.

**OWIS121** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 5**

**Inleidende Wiskunde**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n begrip van basiese wiskundige konsepte, beginsels en reëls kan toon en basiese wiskundige probleme kan oplos;
- gepaste standaardmetodes kan gebruik en eie metodes kan identifiseer om probleme op te los deur die implementering van Pólya se probleemoplossingsmodel; en
- verskillende maniere kan vind om probleme wat op verskeie maniere bekendgestel is op te los en te interpreteer.

| **PERS221** | **Krediete: 12** | **NKR-vlak: 6** |
|---|---|---|

**Perseptuele Vaardighede**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die vermoë demonstreer om sleutelterme, konsepte en definisies t.o.v. die perseptuele ontwikkeling van die graad R-leerder te begryp en toe te pas;
- sosio-ekonomiese faktore kan identifiseer wat die perseptuele ontwikkeling van die graad R-leerder kan benadeel; en oplossings kan analiseer en voorstel wat in die praktyk toegepas kan word;
- geskikte metodes, werkswyses en tegnieke in die graad R-konteks kan selekteer en toepas ten einde leergereedheid te bevorder; en
- verantwoordelike besluite kan neem in kontekste waarin ondersteuning aan ouers van graad R-leerders en ander belanghebbende rolspelers nodig is.

| **SBES321** | **Krediete: 12** | **NKR-vlak: 6** |
|---|---|---|

**Skoolbestuur**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die bestuursaspekte binne die VKO-sentrum vanuit ‘n Christelike perspektief kan bespreek;
- kennis dra van die wetgewing wat ondersteunend is vir die open van ‘n VKO-sentrum;
- die registrasieproses van ‘n VKO-sentrum kan beskryf;
- insig kan toon aangaande die bestuur van personeel, ouers en leerders;
- programme en stelsels kan analiseer en implementeer wat die volg van ‘n kurrikulum asook die suksesvolle bestuur van so ’n sentrum sal ondersteun;
- belangrike konsepte in die besigheidswêreld kan verduidelik soos begrotings, fondsinsamelings en die aanwending van fondse;
- begrip kan toon vir hul rol/verantwoordelikheid as leier met die oog op die ouer as die kliënt, kollegas as deel van ‘n span en leerders as afhanklikes;
- kan beskryf hoe dissiplinesituasies en ander meer komplekse situasies in ‘n VKO-sentrum bestuur sal word, met die oog op die ouer en leerders as kliënt; en
- die ondersteuningsnetwerke en organisasies kan beskryf wat deel vorm van hul sentrum se netwerk.

| **SEPE223** | **Krediete: 6** | **NKR-vlak: 5** |
|---|---|---|

**Sepedi-kommunikasievlak**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n bewustheid ontwikkel van die multikulturele klaskamer se werklikheid en begrip toon van die aanleer van ’n Afrikataal;
- oor die vermoë beskik om die taalkennis en –vaardighede wat in die module aan die hand van spesifieke temas/onderwerpe aangeleer is sinvol en effektief in die werksomgewing aan te wend; en
- kennis van die woordeskat en basiese grammatika kan demonstreer, spesifiek binne die onderwysomgewing.

**TEOR211** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 5**

### Inleidende Teoretiese Raamwerk vir Graad R

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die konsep “lewensfilosofie” en die invloed daarvan op die mens se gedrag kan verduidelik;
- voorskoolse onderrig in ’n historiese konteks kan plaas;
- die algemene hedendaagse benaderings tot die onderwys en sorg van jong kinders kan verduidelik;
- die teoretiese basis van opvoedkundige sielkunde kan verduidelik;
- behaviorisme en die sosiale leerteorie kan bespreek en die toepassingswaarde van hierdie teorieë kan illustreer;
- Erikson se psigososiale teorie kan bespreek en die toepassingswaarde van hierdie teorie kan illustreer;
- Piaget se teorie van kognitiewe ontwikkeling kan bespreek en die toepassingswaarde van Piaget se teorie kan illustreer;
- Vygotsky se sosiokulturele teorie en Bronfenbrenner se ekologiese teorie kan bespreek en die toepassingswaarde van hierdie teorieë kan illustreer;
- Howard Gardner se teorie van veelvoudige intelligensies kan bespreek en die toepassingswaarde van hierdie teorie kan illustreer; en
- Maslow se teorie oor die hiërargie van menslike behoeftes kan bespreek en die toepassingswaarde van Maslow se teorie kan illustreer.

**WBSL112** **Krediete: 6** **NKR-vlak: 5**

### Wêreldbeskouingsleer

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die fenomeen "wêreldbeskouing", soos dit in die globale konteks gebruik word, kan verduidelik;
- 'n bewustheid toon van die wyse waarop "wêreldbeskouing" as konsep binne die studieveld ontwikkel het en die belangrikheid van 'n wêreldbeskouing kan bespreek;
- 'n geïntegreerde kennis kan demonstreer van 'n Christelike wêreldbeskouing se basiese beginsels, wat ’n begrip van die sleutelterme, konsepte, feite, beginsels en teorieë van hierdie wêreldbeskouing en hoe dit van ander fundamentele wêreldbeskouings verskil, insluit; en
- die vermoë demonstreer om inligting uit 'n verskeidenheid bronne, waaronder mondelinge, geskrewe of simboliese tekste, te versamel en te selekteer ten einde 'n akademiese skryfstuk te skryf; basiese analise-, sintese- en evalueringsprosesse op daardie inligting kan toepas; oor die vermoë beskik om die versamelde inligting betroubaar, akkuraat en samehangend deur te gee deur gebruik te maak van konvensies wat geskik is vir die konteks; en 'n geskrewe opdrag ingee, met inbegrip van goeie akademiese praktyk en respek vir konvensies rondom intellektuele eiendom, outeursreg en plagiaat.